**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA** */ES*

**(NOORD GAUTENG HOË HOF. PRETORIA)**

SAAK NO: 11303/2007

DATUM: 26/11/2009

NOT REPORTABLE

NOT OF INTEREST TO OTHER JUDGES

IN DIE SAAK TUSSEN

GIDION-JEANN VAN TONDER EISER

EN

J VAN DYK VERWEERDER

UITSPRAAK

VAN PER MERWE. R

Op 28 Januarie 2006 om nagenoeg 02h00 het 'n botsing plaasgevind te Lynnwoodweg. Die Wilgers, Pretoria, tussen 'n motorvoertuig met registrasienommer M[...], bestuur deur mnr J van Dyk (die verweerder) en 'n motorvoertuig met registrasienommer R[...], bestuur deur 'n sekere J Freitag ("Freitag"). In die besonderhede van vordering word beweer dat as gevolg van hierdie botsing die voertuig bestuur deur Freitag op sy beurt in 'n botsing betrokke was met die eiser se motorvoertuig. Soos uit die getuienis sal blyk het Freitag se motorvoertuig in botsing gekom met drie ander motorvoertuie en ook 'n muur. Die wyse waarop die botsings plaasgevind het sal later meer volledig hieruit blyk.

Die eiser voer aan dat die botsing veroorsaak is deur die nalatigheid van die verweerder. Die belangrikste bewering vir doeleindes van hierdie uitspraak is dat die verweerder 'n draai na regs uitgevoer het voor aankomende verkeer in wat die reg van weg gehad het.

Die eiser vorder betaling van 'n totale bedrag van R135 212,28 tesame met rente en koste.

Die verweerder het die eiser se *locus standi* om die aksie te bring in geskil geplaas. Dit is by wyse van 'n erkenning namens die verweerder buite geskil geplaas. Terselfdertyd het die verweerder erken dat die eiser se skade 'n bedrag van R135 212.28 beloop.

Die enigste oorblywende geskilpunt tussen die partye is dus die vraagstuk na aanspreeklikheid.

Vir doeleindes van wat hierna sal volg is dit nodig om paragraaf 14 van die verweerder se verweerskrit hierin te herhaal. In hierdie paragraaf sit die verweerder se regsverteenw'oordiger uiteen hoe die botsing plaasgevind het. Dit lui soos volg:

> "14.1 Verweerder verklaar dat hy op die 28ste Januarie 2006 die bestuurder van voertuig MGF 702 GP om 14h00 voormiddag was. en beweeg het in Lynnwoodweg van oos na wes. toe hy 'n regterhandse-draaibeweging wou uitvoer om in te draai in die perseel van Presley's Restaurant aan die noorde kant van Lynnwoodweg.
>
> 14.2 Verweerder het by die interseksie om regs te draai na Presleys Restaurant toe, sy motor tot stilstand gebring aangesien daar verkeer aankomend was, en was van voomeme om stilstaande te bly totdat aankomende verkeer verby gery het.
>
> 14.3 Terwyl verweerder se voertuig stilstaande was het daar 'n Peugeot voertuig van voor af gekom bestuur deur ene mnr Freitag, soos daarin blyk te wees, en met verweerder se stilstaande voertuig, aan die regter voorkant te bots. *(sic)*
>
> 14.4 Gemelde Peugeot voertuig het onmiddellik daama van verweerder se voertuig weggeskiet in Presleys Restaurant se parkeerruimte in en met ander voertuie gebots, vermoedelik ook met die van die eiser.
>
> 14.5 Verweerder ontken ten sterkste dat hy die oorsaak van die tersaaklike of enige ander botsing was, en plaas eiser tot die bewys daarvan."

Die verwysing na 14h00 voormiddag in paragraaf 14.1 daarvan moet wees 'n verwysing na 02h00.

Die eerste getuie namens die eiser was mnr J J Freitag. Mnr Freitag is 'n beroepsatleet. Op 28 Januarie 2006 het hy aan die hoogspring item te Pilditch stadion in Pretoria deelgeneem. Hy het eers om 22h00 begin deelneem. 0m 23h30 moes hy die gewone en normale opkikkertoets ondergaan. Daama is hy, sy vriendin en twee vriende na 'n restaurant in Generaal Louis Botha rylaan in Lynnwood. Hulle het daar gearriveer om OOhl 5. Aangesien die eienaar aan Freitag bekend is het dié versnapperinge voorgesit. Freitag self het

minder as een bier gedrink. Sy vriendin, me Pieterse, en mnr Daniel du Plessis. sy woonstelmaat, en dié se vriendin het moontlik meer as een drankie gehad.

Van die restaurant af het die twee dames in Du Plessis se vriendin se voertuig gery terwyl Freitag en Du Plessis saam in Freitag se voertuig gery het. Hulle het van wes na oos in Lynnwoodweg beweeg. By die kruising tussen Rubidaweg en Lynnwoodweg was die robot vir Freitag groen maar die twee dames moes daar stop. Freitag sê dat nadat hy deur die groen robot is het hy ietwat spoed verminder en het hy so 60 tot 70kpu gery om te wag vir die twee dames in die kar agter syne.

Die Presleys nagklub is verder oos in Lynnwoodweg geleë. Toe Freitag die nagklub nader het hy twee of drie voertuie se ligte hom van voor af sien nader. By die ingang na die Presleys nagklub het die laaste van hierdie drie voertuie skielik voor Freitag ingedraai. Hy sê hy het net ligte sien draai. Dit is duidelik dat hierdie voertuig by die Presleys nagklub se ingang wou ingaan. Freitag sê dat hierdie voertuig na regs gedraai het toe die twee voertuie baie naby aan mekaar was. Hy sê dit het vir hom voorgekom asof die bestuurder van die ander voertuig gedraai het asof Freitag se voertuig nie eers op die pad was nie. Freitag sê dat hy nie kans gehad het om rem te trap nie en moontlik 'n poging aangewend het om na links te swaai. Die botsing het egter plaasgevind. Daarvandaan het Freitag se voertuig links van die pad af beweeg tot op 'n grondgedeelte waar hy nie kon rem nie. Sy voertuig het uiteindelik met drie voertuie in botsing gekom, onder andere ook dié van die eiser en 'n gat in 'n muur gery waar sy voertuig tot stilstand gekom het.

Onder kruisverhoor het Freitag gesê dat hy die verweerder se voertuig voor aan die passasierskant gestamp het. Hy sê ook dat na die botsing die verweerder se voertuig presies in die middel van die pad gestaan het sodat die soliede middellyn wat die twee bane skei onder in die middel van die kar deur geloop het. Die voorkant van die verweerder se voertuig was ongeveer 45° na noord-oos gedraai terwyl Freitag se kar verder noord-oos tot stilstand gekom het.

Daar is aan Freitag gestel dat hy na regs geswaai het en toe met die verweerder se stilstaande voertuig in botsing gekom het. Freitag het dit ontken en gesê dat indien dit sou gebeur het hy eerstens met die karre voor die venveerder se voertuig sou gebots het aangesien hulle baie naby aan mekaar gery het en tweedens dat die twee voertuie wat in botsing was dan by die punt van botsing tot stilstand sou gekom het.

Freitag het ook ontken dat daar 'n 4x4 voertuig stilstaande was by die uitgang van Presleys asook dat 'n voertuig by hierdie 4x4 voertuig verby gegaan het en voor Freitag ingery het. Sy antwoord was dat die verweerder skynbaar sal getuig oor 'n botsing van 'n heel ander aard as waarin Freitag betrokke was.

Freitag sê dat dit vir hom voorgekom het asof hy oor die verweerder se voertuig se neus gery het. Hy het nie gaan ondersoek instel na die skade aan die kar nie. Daarom sê Freitag ook dat dit wel moontlik is dat die

linker voorwiel van die verweerder se voertuig nie beskadig sou gewees het nie maar dat die hele voorkant van die verweerder se voertuig moontlik gestroop kon gewees het.

Die tweede getuie namens die eiser was mnr Daniel Petrus du Plessis wat 'n passasier in Freitag se voertuig was.

Du Plessis kan die saak nie werklik verder neem nie. Hy sê dat omdat hy nie bestuur het nie hy nie besonder opgelet het na Freitag se spoed nie maar dat dit vir hom heeltemal normaal voorgekom het. Hy het met Freitag gesels terwyl hulle op pad huis toe was maar hy is oortuig daarvan dat daar geen voertuig van links af uit Presleys nagklub se terrein gekom het nie. Freitag het reguit gery en nie na enige kant toe geswaai nie.

Onder kruisverhoor sê Du Plessis dat hy kan onthou dat hy twee ligte gesien het wat gedraai het maar dat hy nie kan onthou of die verweerder se voertuig beweeg het of stilstaande was nie.

Me Pieterse was die derde en laaste getuie namens die eiser. Soos reeds gesê is sy Freitag se vriendin wat op haar beurt in die voertuig van Du Plessis se vriendin saam met haar gery het.

Me Pieterse bevestig Freitag se getuienis oor die atletiek-byeenkoms en hulle optrede daarna. Sy bevestig ook dat die robot by die kruising van Lynnwoodweg en Rubidaweg vir hulle rooi was en dat Freitag se voertuig ongeveer eenhonderd meter verder in 'n oostelike rigting voor hulle was. Sy kan nie sê hoe die botsing plaasgevind het nie. Sy het wel gesien dat daar 'n botsing plaasvind en dat daar 'n stofwolk is en 'n kar wat van die pad af tol.

Op die toneel het sy dadelik uitgespring om te gaan kyk of almal wat in die botsing betrokke was in orde is. Sy het die verweerder se voertuig dwars in die pad sien staan. Die voorkant van sy voertuig het na die ingang van Presleys nagklub gewys. Die voorwiele het in die noordelike baan van die pad gestaan en die agterwiele in die suidelike baan.

Me Pieterse sê sy het na die Golf motorvoertuig. dit wil sê die verweerder se voertuig gegaan. Die verweerder het self buite die voertuig aan die bestuurderskant gestaan. Sy het met die verweerder gepraat en hom gevra of alles in orde is. Sy sê dat hy gesê het dat hy in orde is. hy het sy hande langs sy kop gehad en gesê hv het nie die motor, verwysende na Freitag se voertuig, gesien nie. Daama is me Pieterse na die verweerder se vriendin wat nog in die passasiersitplek gesit het. Sy getuig dat die verweerder se vriendin die verweerder aangesê het om terug te klim in die kar anders sou die versekeringsmaatskappy nie betaal nie. Me Pieterse het op haar beurt die dame aangesê om uit die kar te klim omdat hulle in die middel van die pad gestaan het. Sy het ook gevra of sy die verweerder se vriendin se ouers kon bel. Die het gesê nee maar sy het verstaan dat die vriendin se ouers óf te Mosselbaai óf te George woonagtig is.

Dit is later bevestig dat die vriendin se ouers wel te Mosselbaai woonagtig is.

Me Pieterse het ook gesê dat dit vir haar gelyk het of die grootste skade aan die passasierskant van die verweerder se voertuig was. Me Pieterse getuig ook dat die verweerder se vriendin uit die kar gehaal is en dat daar 'n suurstofmasker op haar gesig gesit is.

Hierdie getuienis het die eiser se saak afgesluit.

Die eiser het self getuig. Hy sê dat hy saam met sy vriendin die betrokke aand by sy huis was toe hy deur 'n vriend van hom gebel is en meegedeel is dat die vriend en sy vriendin probleme het met mekaar en dat die verweerder hom asseblief by Presleys moet hom haal. Daarom is die verweerder en sy vriendin van 'n oostelike rigting na 'n westelike rigting na Presleys. Regoor die ingang na Presleys het hy tot stilstand gekom aan sy korrekte kant van die pad met sy voet op die rem wagtend dat die verkeer van voor af moet verbygaan. Terwyl die verweerder so wagtend is het hy na regs gekyk en 'n groot 4x4 bakkie gesien wat gew'ag het om in Lynnwoodweg in te beweeg. Daar was 'n hele ry karre agter hierdie bakkie. Daar het toe 'n voertuig agter die bakkie aan die regterkant van die bakkie verbygegaan, soos die verweerder dit stel. seker omdat hy haastig was. Daardie voertuig het verby die 4x4 voertuig in die pad in beweeg. Op daardie stadium sê hy het Freitag seker effe uitgeswaai en sy (die verweerder se) voertuig liggies aan die regter voorkant getref. Die verweerder sê dat hy dink dat Freitag teen 'n geweldige spoed moes gery het want nadat hy die verweerder se voertuig gestamp het is hy van die pad af en in botsing met drie ander voertuie en dan nog deur 'n muur.

Die verweerder sê dat met die botsing sy voertuig met 45° na noord-wes gedraai is en ietw'at teruggeskuif is.

Die verweerder kon nie sy voordeur oopmaak nie en het sy vriendin aangesê om uit te klim en hy is ook by die passasierskant uit. Sy vriendin het na die noordekant van Lynnwoodweg beweeg waar sy op gras gaan lê het omdat haar nek beseer was. Die verweerder het self oorbeweeg na die passasierskant van die voertuig. Hy het nie met me Pieterse gepraat nie. Hy het slegs met 'n persoon gepraat wat sy voertuig wou wegsleep. Hy het wel 'n dame met sy vriendin sien gesels maar hy weet nie wie sy is nie.

By die aanvang van die verhoor was daar 'n geskil tussen die regsverteenwoordigers of die verweerder kon gebruik maak van drie foto's wat van sy beskadigde voertuig geneem is deur sy vader. Daar is uiteindelik ingestem deur die eiser se advokaat dat die verweerder se regsverteenwoordigers wel hierdie foto's kon gebruik. Dit is egter nie aan enige van die eiser se getuies getoon of met hulle gedebatteer nie. Die verweerder sê dat sy vader die foto's in sy teenwoordigheid geneem het. Ek sal later weer met hierdie foto's handel.

Die verweerder sê dat hy aangekla was van roekeloos/nalatige bestuur maar dat hy onskuldig bevind is.

Onder kruisverhoor het die verweerder sy getuienis herhaal dat Freitag teen 'n baie hoë spoed moes gery het. Hy het so ver gegaan as om te sê dat daardie hoë spoed in die strafsaak bewys is. Dit is egter duidelik uit die kruisverhoor dat die verweerder oor Freitag se spoed spekuleer. Hy maak afleidings sonder dat hy Freitag se kar hoegenaamd gesien het. A1 waarop hy sy bewering van hoë spoed baseer is die skade wat in die botsing aangerig is.

Die verweerder het die verstommende opmerking gemaak onder kruisverhoor dat hy kon hoor dat Freitag se voet op die petrolpedaal is en dat hy versnel het toe die botsing plaasgevind het. Hy het toegegee dat dit ook 'n afleiding is en dat hy sy eie afleidings maak.

Dit was onder kruisverhoor aan die verweerder gestel dat daar op geen stadium tydens die eiser se saak aan enige getuie gestel is dat Freitag so buitensporig vinnig gery het nie. Hy kon nie verduidelik waarom dit nie gestel is nie. Dit is ook aan die verweerder gesê dat daar nie aan me Pieterse gestel is dat die verweerder se vriendin nie in die voertuig was toe hulle met mekaar gepraat het nie. Die verweerder kon nie verduidelik waarom dit nie aan me Pieterse gestel is nie.

Die verweerder is pertinent verwys na die inhoud van paragraaf 14 van sy verweerskrif wat hierbo aangehaal is. Die verweerder gee ook toe dat dit vir hom vreemd is dat in daardie weergawe van die gebeure daar nie verwys is na die voertuig wat om die 4x4 bakkie beweeg het voor Freitag in wat Freitag genoodsaak het om na regs uit te swaai nie. Die verweerder sê dat hy aanvaar dat Freitag nie verantwoordelik is vir die gebeure nie maar wel die bestuurder van die voertuig wat so voor Freitag inbeweeg het.

Die verweerder sê ook dat hy kan aanvaar dat Du Plessis nie die 4x4 voertuig en die een wat om dit beweeg het gesien het nie omdat Du Plessis biere gedrink het en met Freitag gesels het en daarom nie na vore sou gekyk het nie.

Ek noem hierdie aspekte omdat dit later sal blyk dat ek van mening is dat die verweerder spekuleer en afleidings maak op gegewens wat hy nie by magte is om aan die hof oor te dra nie. Dit wil voorkom asof hy spekuleer en afleidings maak om homself te regverdig.

Die verweerder se vader mnr Frans Johannes van Dyk het ook getuig. Hy is die fotograaf wat die drie foto's geneem het en het getuig oor wat hy waargeneem het toe hy die verweerder se voertuig inspekteer het. Mnr Van Dyk senior is van mening dat die botsing op die regter voorkant van die verweerder se voertuig plaasgevind het en dat die sierrooster van die voertuig tesame met die buffer afgeruk is. Ek sal binnekort in ietwat meer detail met Van Dyk senior se getuienis handel.

Daar is twee teenstrydige weergawes namens die eiser en die verweerder voorgelê. Die eiser dra die bewyslas. Die saak kan net beslis word op geloofwaardige aanvaarbare getuienis. Ten einde te bepaal waar

die waarheid lê moet na die waarskynlikhede gekyk word.

Op die getuienis as geheel moet aanvaar word dat Freitag teen 'n spoed van nagenoeg 70kpu van wes na oos in Lynnwoodweg beweeg het. Dit moet verder aanvaar word dat hy drie voertuie van oos na wes sien nader kom het. Nadat twee van hierdie voertuie by hom verby is het hy net ligte na regs sien beweeg en het ’n botsing onmiddellik gevolg wat meegebring het dat Freitag se voertuig links van die pad af is en daar met onder andere die eiser se voertuig gebots het.

Na my oordeel is dit op die waarskynlikhede onmoontlik dat 'n voertuig vanuit Presleys by 'n groot 4x4 bakkie kon verby ry en na oos in Lynnwoodweg draai feitlik op die moment wat Freitag en die verweerder se voertuie met mekaar bots sonder dat Freitag met hierdie onbekende voertuig sou bots. Soos reeds gesê kon Du Plessis se getuienis nie veel bydra tot die oplossing van die dispuut tussen die partye nie. Hy is egter baie oortuig daarvan dat daar geen voertuig vanuit Presleys voor Freitag se voertuig inbeweeg het nie. Hy sê dit sou deel van die botsings-opset wees en hy sou dit kon onthou het.

Me Pieterse se getuienis oor wat die verweerder se vriendin vir haar gesê het is van belang. Dit staan vas dat die verweerder se vriendin se ouers te Mosselbaai woonagtig is. Dit sê me Pieterse het sy gehoor terwyl die vriendin binne in die verweerder se voertuig gesit het. Sy was eers by die verweerder self. Met sy hande langs sy gesig het hy gesê dat hy nie die voertuig, nie die ligte sien aankom het nie. As daardie getuienis vasstaan dan is dit verdoemend teen die verweerder. Beide die verweerder en sy vader het getuig dat die bestuurder se deur aan die verweerder se voertuig nie kon oopmaak nie. Die verweerder het gesê dat sy vriendin eers uit die voertuig geklim het en hy daarna.

Me Pieterse getuig dat die verweerder se vriendin hom gevra het om terug te klim in die voertuig omdat die versekering sal verval indien hy nie in die voertuig is nie. Dit is gevolglik nie onwaarskynlik dat sy weer kon terugklim in die voertuig nie.

Die foto's wat ingehandig is as bewysstuk "B" is deur Van Dyk senior behandel en baseer hy sy standpunt dat die verweerder se voertuig aan die regter voorkant getref is op die skade wat op die foto's uitgebeeld is. Op vrae van die hof het mnr Van Dyk senior toegegee dat die afruk van die sierrooster en stamper van die verweerder se kar die verbuiging van metaal van links na regs op die kar kon meegebring het. Dit is gevolglik ook nie onmoontlik dat die verweerder se voertuig net gedeeltelik in 'n draai-beweging was toe dit regs voor getref is en skade aan die hele voorkant aangerig is met Freitag se kar wat links van die pad af beweeg nie. Dit verleen sterk waarskynlikheid in die guns van Freitag se weergawe.

Freitag was 'n goeie getuie. Daar bestaan geen rede waarom sy getuienis in twyfel getrek moet word nie.

Soos reeds gesê kon Du Plessis weinig bydra behoudens die feit dat daar nie 'n voertuig uit die parkeerterrein

van Presleys voor Freitag inbeweeg het nie.

Me Pieterse was 'n goeie getuie. Die feit dat sy met die verweerder se vriendin gepraat het word bevestig deurdat sy weet waar die vriendin se ouers woonagtig is. Op die waarskynlikhede en op die manier waarop me Pieterse dit oorgedra het is ek tevrede dat sy wel met die verweerder 'n gesprek gevoer het en dat hy aan haar gesê het dat hy nie die ligte of die kar van Freitag sien aankom het nie.

Die verweerder self se getuienis was nie goed nie. Hy is geneig om te spekuleer en om aannames te maak op nie-bestaande feite. Sy spekulasie en aanname is ter ondersteuning van homself. Ek het ook reeds gewys op aspekte wat nie aan die eiser se getuies gestel is nie. Ek dink nie dat die verweerder noodwendig opsetlik getuienis versin nie maar dat hy aannames en spekulasie aanbied asof dit feitelike getuienis is.

Mnr Van Dyk senior kon die saak nie werklik verder neem nie. Veral foto "Bl" is versoenbaar met die eiser se saak.

Namens die verweerder is gesê dat daar 'n belangrike deel van die getuienis namens die eiser is wat nie verklaar kan word nie en dit is dat beide Freitag en me Pieterse gesê het dat die grootste skade aan die linkerkant van die kar was. Natuurlik sou dit 'n aanduiding wees dat die verweerder reg voor Freitag se voertuig inbeweeg het as dit waar was. Wat egter wel vasstaan is dat daar aan die passasierskant van die kar 'n eerste impak was nie. Dit wil lyk asof die botsing tussen die twee voertuie met hulle regter voorkante was op 'n manier wat die totale voorkant van die verweerder se voertuig beskadig het en panele na regs uitgedruk het.

Op die waarskynlikhede bevind ek gevolglik dat die eiser bewys het dat die verweerder na regs beweeg het in die baan van aankomende verkeer en die botsing aldaar plaasgevind het.

Vonnis w'ord ten gunste van die eiser toegestaan soos volg:

1. Die verweerder word gelas om 'n bedrag van R135 212.28 aan die eiser te betaal.

2. Die verweerder word gelas om rente op die bedrag in 1 hierbo te betaal teen die koers van 15.5% per jaar vanaf 10 Augustus 2007. synde datum van betekening van die dagvaarding.

3. Die verweerder word gelas om die koste van die geding te betaal.

4. Die eiser word 'n noodsaaklike getuie verklaar.

W J VAN DER MERWE

REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG HOE HOF

AANGEHOOR OP: 20/11/09

NAMENS DIE EISER: ADV VAN ONSELEN

IN OPDRAG VAN: ALEX BOSMAN

NAMENS DIE VERWEERDER: ADV. H VILJOEN

IN OPDRAG VAN: SERFONTEIN PROKUREURS